KAMMANUUS
Nommer 318 28 November 2011
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Praat en skryf ons nog 'Afrikaans'?

Kom ons skop af soos alle goeie gewone Afrikaanse gesprekke begin. Oor die weer. Ja, die *boer* in ons is steeds daar diep gebêre, selfs in die hierdie dorpsjapie se gene. Hier in Doha reën dit al heeldag. So 'n sagte geelperske reën wat die lug gesuiwer en die dynserigheid van die woestynstof uitgewas het sodat mens lekker ver en duidelik kan sien vir 'n slag.

Hierdie uitgawe word toe nie op die 31ste November uitgestuur soos ons in laas keer se **Kammanuus** belowe het nie. Die drukkersduiwel se vingerfout is sommer deur heelparty van julle opgemerk. Mooi! Dit wys julle lees darem alles enduit!

En van lees gepraat, laas week skryf ek vir 'n paar Kammalanders om ons so bietjie te help met stories oor hul eerste of lekkerste onthou van Kersfees.
Sommer heelparty het reageer, so julle kan uitkyk vir ons lekkerlees Krismisuitgawe om die jaar mee af te sluit.

So kry ek toe ook die week 'n skrywe van Marnus, wat raak aan 'n onderwerp wat my na aan die hart lê. Die baie Engelse woorde wat ons deesdae inlas in ons taal. Veral wanneer daar soveel mooier en beskrywender woorde in ons eie taal is.

Marnus skryf: Soos jy nie weet nie, is ek maar 'n nuweling in die land van meester-skrywers soos van die manne van 'Onsdorp'.

Ek beny hulle wat so maklik oor alledaagse gebeure kan skryf dat jy voel asof jy in der midde daarvan staan. Daardie taalgebruik wat soos sjokolade om 'n roomys gegiet is. Blou Donau-musiek vir die siel.

Dan weer die onstellende skryf- en praatstyle van nie net die jonger geslag nie, maar ook hoe ons taal deurspek word met Engels. Dit is blatante luiheid om nie net 'n bietjie verder te wil dink om die Afrikaanse term of woord uit die vermufte brein te ontsluit nie.

Ek het 'n voortdurende gesprek met veral jong Afrikaanse klante om hulle in te lig van hoe vr terug in ons geskiedenis ons voorsate moes veg vir die voortbestaan van ons taal. Dat dit nou hulle verantwoordelikheid is om hierdie nuwe gier onder sy dinges te skop. Maar dan kom die besef: Hulle weet vandag 'zilch' van ons geskie-denis!

My vraag aan hulle is of hulle luister hoeveel Afrikaanse woorde Engelssprekendes in 'n gesprek gebruik? Waarom die koeksister-gevlegte Afrikaans/Engels in ons jong mense se geskryf en onderhoude? Hul antwoord is dat die Engelse terminologie of woord eerste in hulle gedagtes opduik. Is dit dan te veel moeite om 'n woordeboek oop te maak, bygesê, as hulle ooit een besit?

Die sepies op televisie help ook om hierdie mengelmoestaal te bevorder. Ek is bevrees dat ons hierdie geveg gaan verloor.
As die media se grootkoppe nie gaan help met die toedrag van hierdie saak nie, hoe gaan ons diegene wat koeksistertaal praat, opvoed?
Ja, almal van ons gebruik dan en wan 'n Engelse woord, maar darem nou nie elke derde woord nie.

Ons ouer garde sal waar ons kan, die koeksisterbrigade moet inlig en taalkundig wys maak. Het ons nog genoeg tyd of is dit wensdenkery?

Hierdie is net my opgekropte gevoel van die gemorstaal wat ons elke dag moet lees en hoor.
Groetnis, Marnus.

Nou daar het julle dit. Wat dink JY van Marnus se stellings? Praat ons uitgewekenes se kinders nog Afrikaans daar in hulle nuwe land? Of sterf die taal stelselmatig uit soos die nuwe identiteit posvat?
Skryf vir my.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Slim idees

Hoe om slaai baie langer vars te hou.

Jy is dalk 'n boer as . . .

- Jou regterarm bruiner is as jou linkerarm.
- Jou voorarms dikker is as jou bo-arms.
- jy beter kan bestuur op die grondpad as op 'n teerpad.
- Vier karre in 'n ry swaar verkeer is.
- Jy versnel pleks van rem as daar 'n jakkals oor die pad hardloop.
- Jy 'n hek kan oop- en toemaak sonder om jou gesprek te onderbreek.
- Jy skaapkraal toe stap in plaas van kafee toe as die vleis op is.
- Hoender en vis vir jou tel as groente.
- Jy al jou bure en hulle brandmerk op hulle vee ken en joune op 'n gereelde basis daar gaan haal, dan boer jy dalk met bokke of dorpers!
- Jy na 'n vrou se gesondheid verwys as haar "kondisie".

Dubbele betekenisse

WATSENAAMS
Vroulik: Enigiets onder 'n kar se enjinkap.
Manlik: Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

KWESBAAR
Vroulik: As jy jouself emosioneel teenoor iemand openbaar.
Manlik: As jy krieket speel sonder 'n boks.

KOMMUNIKASIE
Vroulik: Om onvoorwaardelik jou gevoelens met jou metgesel te deel.
Manlik: 'n Nota op die yskas voordat jy saam met die manne uitgaan.

En jy het gedink PETROL is duur?



'n Bietjie humor om die pyn uit die petrolprys te help haal.

Diet Coke 100 ml @ R2.80
= R28.00 per liter

Lipton Ystee 200 ml @ R3.50
= R17.50 per liter

Amstel Bier 750 ml @ R9.50
= R12.60 per liter

Energade 250 ml @ R3.00
= R12.00 per liter

Remvloeistof 100 ml @ R6.00
= R60.00 per liter

Vicks Neussproei 50 ml @ R9.00
= R180.00 per liter

Hugo Boss Sproei 50 ml @ R225.00 = R4500.00 per liter

En asof dit nie genoeg is nie:
Evian Water 500 ml @ R15.00
= R30.00! R30.00 vir WATER!

Dus, as jy weer by die pomp stilhou, wees bly jou kar loop nie op water, Coke of neussproei nie!

Metafore in Matriekopstelle

- Sy het met 'n hees, diep roggelgeluid gelag, nes 'n hond wat wil opgooi.
- Hy het 12 verdiepings ver geval en die sypaadjie getref soos 'n plastieksak vol groentesop.
- Haar oë het geblink soos 'n neushaar net nadat jy genies het.
- Die haelsteentjies het van die sypaadjie af gewip soos maaiers wanneer jy hulle in 'n warm pan gooi.
- Die jong bokser het honger gelyk, nes jy lyk as jy 'n week nie geëet het nie.
- Die ballerina het grasieus opgestaan en een been agter haar gelig, soos 'n hond by 'n boom.
- Hy was so lank soos 'n ses voet boom.
- Sy het op hom gegroei soos 'n kolonie E.coli op 'n stuk vleis wat te lank uit die yskas was.

Jy word teen wil en dank uitgenooi na die huwelik
van my perfekte seun

Die Doktor

en een of ander

Goedkoop klein tert

wie se naam my nou ontgaan het.

Die grootste katastrofe in my familie se lang
geskiedenis word gehou om

9 uur nm. op Saterdag 8 September

en sal sonder enige twyfel eindig met
'n egskeiding wat hopelik
vroeg genoeg sal gebeur om in
aanmerking te kom vir nietigverklaring
van die huwelik.

Die oorweldigende teleurstelling en
hartseerseremonie sal gevolg word
deur aandete, waar neute bedien sal
word omdat wats-haar-naam
allergies daarvoor is.

NASKRIF:
Ons het geen idee wat hy in haar sien nie.

Een ding is 'n feit: Koffie maak 'n mens definitief aggresief.
Ek het gisteraand tien dubbel brandewyne gedrink en my vrou net twee koffies.
Jy moes sien hoe de moer in was sy toe ons huis toe ry!

V: Wat gebruik prokureurs vir geboortebeperking?
A: Hul persoonlikhede.

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Jerigo se mure

'n Nuwe skoolinspekteur word aangewys vir die gr.4-klas in 'n skool in Soweto. Hy word aan die klas voorgestel deur me. Wesizwe.

Sy sê aan die klas: "Ek gaan die inspekteur wys hoe slim julle is. Ek gaan hom vra om julle 'n vraag te vra."

Die inspekteur besluit toe op 'n Bybelvraag, en vra: "Klas wie het Jerigo se mure afgebreek?"

'n Minuut lank is daar algehele stilte. Toe steek Sipho sy hand op. "Meneer," sê hy, "ek weet nie wie dit was nie, maar dit was nie ek nie."

Die inspekteur kyk na die onderwyseres vir 'n verduideliking. "Wel," sê sy, "ek ken Sipho al van die begin van die jaar af. As hy sê dit was nie hy nie, sal ek hom glo. Die kind lieg nooit."

Die inspekteur is heeltemal geskok oor die totale onkunde, en storm na die hoof se kantoor en vertel hom wat gebeur het.

"Kyk," sê die hoof, " ek ken die kind nie, maar ek gesels soms met sy onderwyseres en ek glo haar. As sy glo Sipho is onskuldig, dan is hy."

Einde raad gryp die inspekteur die hoof se telefoon en bel die minister van onderwys. Hy herhaal die storie, en vra haar wat sy van die skool se peil van opvoeding dink.

Die minister sug swaar, en sê: "Eisj wena. Jy weet ek is baie besig. Ek ken nie die seun, die onderwyseres of die hoof nie. Kry net drie kwotasies vir die herstelwerk, dan kry ek my broer om dit te doen."

Meer oor die ware Jerigo

Jerigo is 'n dorp naby die Jordaanrivier in die Wesoewer van die Palestynse gebiede. Die dorp het 'n bevolking van 20,000 en lê meer as 250 meter onder die seevlak, sowat 16 km noord van die Dooie See. Hy is die laagliggendse bewoonde dorp ter wêreld. Daar word ook beweer dat hy die oudste dorp ter wêreld is wat ononderbroke bewoon is.

Die Ou Testament verwys na Jerigo as die "Stad van Palmbome". Standhoudende fonteine het duisende jare lank van hom 'n aantreklike plek vir menslike bewoning gemaak. In die Bybelse tradisie is dit die plek waar die Israeliete onder Josua aangekom het ná hul ballingskap in Egipte.

Argeoloë het meer as 20 opeenvolgende bewoningsperiodes opgegrawe. Die oudste een dateer van 9000 v.C., wat byna die heel begin was van die Holoseen-epog van die aarde se voorgeskiedenis.

Bly trots Suid-Afrikaans!

AS JAN TAKS ons gemiddeld R6,620 terugbetaal en ons gebruik die geld in winkelsentrums of ons koop Springbok-truie, gaan al die geld China toe.

• As ons dit op petrol spandeer, gaan dit na die Arabiere.

• Koop ons 'n rekenaar, kry Indië die geld.
Philips se TV-fabriek in Martindale het jare gelede gesluit – koop jy 'n TV-stel, gaan die geld aan Korea.

• As ons 'n goeie kar koop, kry Duitsland die geld.

• As ons 'n klomp gemors koop, kry Taiwan die geld en help dit die sukkelende Suid-Afrikaanse ekonomie ook niks.

• Al manier om die geld in die land te hou, is om dit uit te gee op prostitute, dagga, wyn en bier – al produkte wat nog hier geproduseer word.

Kom ons gaan voort om TROTS SUID-AFRIKAANS te wees!

Die waarde van 'n woord

Potlood. Uit Nederlands (1618), samestellling van pot en lood.

Die woord het oorspronklik na grafiet verwys omdat dit metaalagtig blink en gebruik is in pottebakkery om smeltkroese te maak.

Later is grafiet gebruik as stafie waarmee geskryf en geteken is.

Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

Die boere se boodskap aan Malema

HAAN SE SPELETJIE

Elke oggend betree die trotse hoenderhaan die hoenderhok. Saggies soen hy nege van tien henne, maar van die tiende hoenderhen pluk hy 'n veer. So gaan dit aan dag vir dag. Die nege gesoende henne is bly, en die tiende hen dra die pyn geduldig.

Maar op die 14de dag het die hoenderhen nou genoeg van hierdie prosedure gehad en sy skree vir die haan: "Jy kom elke oggend breëbors hier ingestap en soen al die nege ander henne. Maar by my pluk jy 'n veer! Wat's jou plan?"

Die haan fluister in haar oor:

"Vir jou wil ek kaalgat sien, Skattie!"

ROMANSE

Jannie hou baie van Sannie, maar het nie die guts om met haar te praat nie.
Hy gaan vra sy ouer broer vir raad en Boet sê:

"Gaan sê vir haar sy is die mooiste blommetjie in die hele wêreld, dan *chat* julle."

Die volgende dag sien Jannie haar by die toilette ingaan en wag by die deur. Toe sy uitkom sê hy:

"Hallo, Sannie, jy's die mooiste blommetjie in die hele wêreld."

Sannie is doodverlief, bloos bloedrooi en boor skaampies met haar toon in die grond.

Ná 'n lang stilte vra Jannie: "So, het jy lekker geskyt?"

GOEIE RAAD

'n Man gaan kuier saam met sy pelle. Sy vrou is woedend en sê vir die kinders om nie vir hulle pa oop te maak as hy vanaand later huis toe kom nie.

Eenuur die oggend klop hy aan die deur en vra dat sy vrou moet oopmaak, hy wil inkom.

Vrou: "Voertsek tot waar jy vandaan kom, en loop vrek daar! Jy sit nie jou pote in hierdie huis nie!"

Man: "Nee my liefie, ek's nie hier om te slaap nie, ek soek net my kredietkaart om nog verder te gaan kuier, dis 'n moerse lekker paartie.".

Die vrou ruk die deur oop en gryp hom aan sy hemp, en skree: "Jou gat! Jy kom dadelik in hierdie huis in en klim in die bed!"

WAARHEID

Die man staan en veerpyltjies gooi na 'n foto van sy vrou wat hy op die bord vasgeplak het.

Hy probeer keer op keer, maar hy kry haar net nie raakgegooi nie.

Van die ander kamer af vra sy vrou:

"Liefie, wat maak jy?"

Man: "Ek mis jou ..."

DAAR HET JY DIT!

Die egpaar staan in die skeihof.

Landdros: "Julle was nie juis lank getroud nie. Hoekom wil julle so vroeg skei?"

Man: "In ons ses weke saam het sy nog nooit met my oor iets saamgestem nie."

Landdros: "En wat is mevrou se rede?"

Vrou: "Korreksie – ons is nie ses weke getroud nie. Dis net vyf en 'n half."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Positiewe benadering

Vader: "Ek wil hê jy moet met die meisie van my keuse trou."
Seun: "Ek wil my eie bruid kies!"
Vader: "Maar sy is Bill Gates se dogter."
Seun: "Wel, dit verander die saak . . . oukei."

Die volgende dag besoek die vader Bill Gates.

Vader: "Ek het die regte man vir jou dogter."
Gates: "Maar sy is glad te jonk om te trou!"
Vader: "Maar die jong man is visepresident van die Wêreldbank."
Gates: "Wel, in daardie geval . . . oukei."

Die vader gaan spreek die president van die Wêreldbank.

Vader: "Ek het 'n jong man was ek as visepresident wil voorstel."
President: "Maar ek het meer as genoeg visepresidente!"
Vader: "Maar die jong man is Bill Gates se skoonseun."
President: "Nou ja, in daardie geval . . ."

Dis hoe sake gedoen word.

Nota: Selfs al besit jy niks, kan jy enigiets bekom. Jy het net 'n positiewe benadering nodig.

Dís hoe jy dit doen!

'n Paar jaar gelede het 'n Spaanse dorp 'n tweeling-verhouding met een in Suid-Afrika gesluit.
Die burgemeester van die Suid-Afrikaanse dorp het die Spaanse dorp besoek. Toe hy die paleisagtige woning van die Spaanse burgemeester sien, het hy gewonder hoe hy so 'n huis kan bekostig.

Spanjaard: "Sien jy daai brug? Die EU het geld geskenk vir 'n vierlaanbrug, maar deur 'n enkellaanbrug met verkeersligte op te rig, kon hierdie huis gebou word."

'n Jaar later is daar 'n omgekeerde besoek, en die Spanjaard was verstom oor die Suid-Afrikaner se huis met die goue krane, marmervloere en jacuzzi. Hy vra toe hoe dit bekostig is.

Suid-Afrikaner: "Sien jy daai brug daar?"

Spanjaard: "Nee?"

Etiket vir Brakpanners

(soos voorgeskryf deur Emsie Schoeman, en hersien deur Andre P. Brink)

ALGEMEEN

1. Moet nooit bier saamvat na 'n werksonderhoud nie.
2. Probeer eers uitvind wie die mense in jou jaart is voor jy begin skiet.
3. Die dominee smaak dit nie as jy 'n koelboks saamvat kerk toe nie.
4. As jy die bed moet stofsuig, is dit tyd om ander lakens op te sit.
5. Selfs al is jy seker jy is ingesluit in die testament, moenie jou Venter saamsleep na 'n begrafnis toe nie.

UITEET

1. As jy wyn skink, hou die papierbekertjie skuins sodat jy nie die "vrug" van die wyn bederf nie.
2. As jy uit die bottel uit drink, hou hom vas sodat jou vingers die etiket bedek.

ONTHAAL IN JOU HUIS

1. Moenie jou geliefde opgestopte muis/kat/hond/aap op die koffietafel sit nie.
2. Moenie dat jou hond van die tafel eet nie (al is sy maniere beter as jou gaste s'n).

Deel 8

Ons leer om vliegtuie te laai

DIRK BOSHOFF
vertel van sy opleiding voor sy deelname aan die Grensoorlog in Angola.

Ná ons basiese opleiding meld ons toe by die Waterkloof-lugmagbasis aan vir gevorderde opleiding. Ons het sover alles oorleef . . .

'n Paar verwaande Blougatte en Oumanne wag ons in (Blougatte is soldate wat tussen 'n jaar en agtien maande met hul diensplig besig was, Oumanne tussen agtien en vier-en-twintig maande).
"Rowerssss, tree aan!" word daar weer op ons geskree. Ons is skaars daar, of die Oumanne sonder rang begin ons dril – in die stof en die klippe, sonder ophou. "Die verwaandheid van die selfsugtige wanopgevoede griepvirusse," dink ek.

Ons kry nog uniforms, oorpakke, slaapplek en opleiding hoe om vrag op vliegtuie te laai, die vliegtuig se inhoud wiskundig in ponde uit te werk sodat alles op papier balanseer.

Daar was groot metaalplatvorms waarop pos, kratte, ander vrag en wapens opgelaai moes word. As 'n vragvliegtuig voor te swaar gelaai was, kon hy nie sy neus vir opstyg lig nie. Was hy te swaar agter, kon hy met die opstyg op sy agterstewe beland.

So moes ons die C130-, C160- en L100- vragvliegtuie kon omskep in een wat passasiers, vrag, 'n ambulans en groot wapens kon vervoer. Ons moes alles binne en buite die vliegtuig ken, die oprit agter vliegtuig kon oopmaak, vliegtuie wat land kon inbring en staan maak op sekere plekke en vele meer.

Ons het ook eksamen geskryf en moes 'n sekere persentasie behaal voordat ons op al die vliegtuie kon werk. Ons moes lisensies verwerf vir 'n motorvoertuig, trekker, swaar vurkhyser en swaar vragmotors. Nie almal kon swaar vragmotors ry nie, maar gelukkig kon ek myne slaag.

Ons het op DC 3's (Dakotas) gewerk, in soldatetaal bekend as die "kotskoets". Die naam is gegee omdat soldate wat veral op die grens vervoer is na kleiner basisse gereeld naar geraak het in die vliegtuig. Dit was omdat die vliegtuig veral op warm dae die geneigdheid gehad om deur lugleegtes te val, wat 'n gevoel van "sweef" of gewigloosheid veroorsaak het.

> "Wat min mense geweet het, is dat hulle ook agteruit kon beweeg."

Ons was ook by al die ander vliegtuie betrokke, soos die Bosbok en Kudu wat maar Cessna-vliegtuie was wat bewapen en gekamoefleer was.

Die C130 en L100 het twee skroewe aan elke kant gehad en die C160 een aan elke kant. Wat min mense geweet het, is dat die vliegtuie ook agteruit kon beweeg deur die skroewe so te manipuleer dat hulle lug vorentoe kon blaas. So ook kon die C160 soos die ou Citroën-motor op sy raamwerk wegsak.

Die rede hiervoor was dat groot tenks en kanonne met baie lang lope gerieflik op die C160 gelaai kon word deur die hoek met die grond kleiner te maak sodat die loop se punt nie deur die dak-gedeelte van die vliegtuig sal druk en hom beskadig nie.

Die C160 se skroewe was ook baie nader aan die grond as die C130 of L100. Laasgenoemde was van SAFAIR.

Op Waterkloof het ons onsself in 'n ander bloedgroep ingewerk, bokse, kratte, voertuie, ensovoorts, moes op staalplate vasgemaak word voordat daar nette oor hulle getrek is.
Ons het 12 uur skofte gewerk, partykeer langer. Alles binne-in die vliegtuig moes ook ordentlik vasgemaak word. Staalplate is volgens hul gewig in volgorde op die vragmotor geplaas en dan word die vragmotor ingestoot, sonder om die vliegtuig te stamp.

Daar was 'n speling van ±20 cm weerskante van die vragmotor en sy vrag wat dan in die romp ingestoot moes word.

Dan kry jy weer die hansworse. Hulle was ook in ons geledere, soos een rofie wat met 'n vurkhyser tot binne-in 'n L 100 gejaag het.
Duisende rande se skade.

Volgende keer: Ná al die opleiding kom ons uiteindelik op die grens aan . . .

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #17

INGEMAAKTE KERRIE BOONTJIES

Resep nr. 200 vir 1972

3 pond (1,8kg) jong bone
1¼ pond (675 g) Suiker
1 eetlepel mielieblom
2 eetlepels sout
2 teelepels peper
7 groot uie
1 eetlepel Kerrie
2 eetlepels mosterd poeier
1 hoogvol teelepel borrie
6 koppies asyn

Berei bone en uie en kerf fyn.
Kook in asyn, sout, peper, suiker vir 1 uur in 'n toe kastrol oor læ hitte.
Maak 'n pasta van asyn en res van bestanddele.

Roer geleidelik by bone. Pasop dat dit nie klonte maak nie.

Roer aanhoudend tot mengsel weer kook.
Skep warm in gesteriliseerde bottels en laat koud word.

Verseël.

HEEL TAMATIEKONFYT

Resep nr. 75 vir 1978

3kg stywe Tamaties
1½ kg suiker
Sap van ½ suurlemoen
2 teelepels fyn kaneel
1 eetlepel kalk vir elke 2½ liter water
1 liter water
Gemmerstukke

Prik tamaties met 'n dik stopnaald. Lê in kalkwater vir 2 uur. Kook stroop 15 minute oor lae hitte met 'n deksel.

Verwyder tamaties uit kalkwater en spoel goed af in skoon water.Plaas geleidelik in stroop, sodat stroop nie ophou kook nie.
Kook oor matige hitte tot helder en glansend.

Moenie dat te veel water wegkook nie, dit veroorsaak versuikering (sandsuiker)
Gooi ekstra water by indien nodig. Bottel warm.

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

Groetnis
Retha

STAMBOOM

CILLIERS
SA FAMILIES
nomadspulpit@yahoo.com
Ek doen wêreldwye navorsing oor vanne en versamel alle inligting oor hierdie vanne en nog meer. Ek fokus veral op die families wat in die Karoo, Tankwa Karoo en Oos-Kaap voorkom.

GOUWS
My Naam is Johannes Adriaan Gouws. Ek probeer nou al geruime tyd om my oupa, Jan Adriaan Gouws, se voorsate op te spoor. Hy was in 1914 nog op Jansenville maar daar verloor ek sy spoor. an enige iemand my dalk help met enige informasie?

LIEBENBERG
dicelieb@netactive.co.za
Soek inligting van Daniel Willem Adriaan Liebenberg, gebore 1830 en getroud met Cornelia Johanna Elizabeth Beyleveld. Soek na hul kinders se name asseblief.

HATTINGH/DE BEER
lesijha@gmail.com
Ek wil baie graag meer inligting bekom oor die DE BEER (dis nou aan my ma se kant) en HATTINGH (aan my man se kant). Die Bekker stamboek het ek. My ma was Johannes de Beer 24/2/1924 oorlede 29/4/1992. Sy is getroud met Francois Jacobs Bekker. My man en sy pa is albei, Adam Barnard Hattingh. My skoonvader is gebore op 30/11/1925 en is oorlede 23/10/1998. Enige inligting sal hoog op prys gestel word.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die horribale blou plêstiek pêntie

"Hulle begin werk en kom agter dat die pêntie in die pad is. Geen probleem, 'n skêr kom te voorskyn en ek ys."

Deur PETER THOMAS

Ek was onlangs per geleentheid twee keer in die hospitaal, een keer om 'n gewas aan my bo-arm uit te laat sny en die tweede keer vir 'n angiogram. Met die eerste prosedure meld ek aan by ontvangs en hulle stuur my na 'n saal toe waar 'n bed toegeken word.

Toe moes ek al lont ruik, hoekom 'n bed vir so 'n klein prosesedure?
In alle geval, die verpleegster trek die gordyn om die bed en wys na 'n hopie op die bed.

"Trek uit en trek aan," beveel sy taamlik streng. "Die jurk kom agterstevoor en maak agter vas."

Ek bekyk die hopie op die bed. Daar is die jurk, en bo op is 'n blou stukkie materiaal. Ek tel die stukkie blou materiaal op en vou dit oop en voel ek word koud. Dis dan 'n pêntie! Ek dra nie 'n donnerse pêntie nie, nog nooit gesien nie!

"Nurse" roep ek van agter die gordyn. Sy steek haar kop tusen die gordyne deur, sy is groot en swart, lyk soos die eerste van Zuma se agt vrouens, baie bedonnerd. Haar skof is amper klaar en sy wil huis toe gaan.

"Ek is hier vir my arm, hoekom moet ek dié ding aantrek?"

"Dis prosedure, trek uit en trek aan!" en die kwaai gesig verdwyn.

Moedeloos bekyk ek die affêre. Dis blou en dis plêstiek, om die bene en middel is rek. Ek soek na 'n etiket om te bepaal waar is voor en waar is agter. Geen etiket nie, ek is nie verbaas nie, geen ontwerper sal waag om sy etiket op so iets te sit nie. Die ding is dus "all size, same size".

Ek rek die middel oop en dit rek vir ewig, dis dus "one size fits all" ook! Dit sal vir Hilda van *7de Laan* asook vir Saartjie Baartman pas!

Ek besluit om saam te speel en trek die ding aan. Vinnig volg die jurk sodat niemand kan sien wat ek onder aan het nie.

Ná die prosedure kan ek dadelik huis toe gaan. Ek raak so vinnig moontlik van die blou ding ontslae en hy beland in die snippermandjie. Dankie tog, niemand het my gesien nie!

◇ ◇ ◇ ◇

Twee weke later is ek weer terug, hierdie keer vir 'n angiogram. Selfde prosedure: "Trek uit en trek aan," en daar lê die hopie op die bed. Dié keer gaan hulle by my lies werk, so die pêntie maak meer sin. Ek wonder net hoekom dit plêstiek is, gaan hulle my so seer maak dat hulle bang is ek maak die bed nat?

Ek trek jurk en pêntie aan en word teater toe gestoot. Hulle begin werk en kom agter dat die pêntie in die pad is. Geen probleem, 'n skêr kom te voorskyn en ek ys. (Dis lokale verdowing en ek maak mee wat aangaan) Ek hoop net hulle werk baie versigtig met die skêr in daardie senstiewe area . . .

Dis egter die pêntie wat dit ontgeld, deftig word hy weerskante van my heupe losgesny sodat die voorste en agterste gedeeltes los van mekaar is. Die voorste deel word nou saamgevat en met pleister teen my maag vasgeplak, 'n soort van "reverse g-string" effek. So die ding is nogal veeldoelig ook! Ek hoop net alles wat moet toe, is toe.

Terug in die saal raak ek van die nou versnipperde pêntie ontslae en trek my eie onderklere aan.

Genoeg is nou maar eenmaal genoeg!

KAMMANUUS 317 HOU HIER OP. SIEN JOU 12 DESEMBER!